**Saterdag 20 Julie**

| **Skrifgedeelte: Johannes 12:1-26** | **Fokusgedeelte: Johannes 12:7** |
| --- | --- |

**Jesus se hele lewe op aarde verkondig die waarheid van sy verlossingswerk, die pstanding en die ewige lewe**

Die Evangelie volgens Johannes is een van die mooiste Nuwe-Testamentiese boeke wat ons as gelowiges ooit sal lees. Wat dit so mooi en uniek maak, is die feit dat dit die evangelie verkondig met die klem op Christus as die Seun van God. Dan is dit so kenmerkend dat die jongste boek in die Nuwe Testament aan die gelowiges verduidelik hoe God deur sy Seun ons verlos het volgens die wil van die Vader, en dat ons deur sy genade nooit verlore sal gaan nie (Joh. 10:28).

Hierdie kern van die evangelie vind ons ook in ons Skrifgedeelte. Christus het gekom met die taak om die uitverkore kinders van God te verlos. In ons Skrifgedeelte vandag lyk dit asof Maria en die skare wat Hom voor Jerusalem ontmoet het, Jesus eenvoudig net verheerlik omdat hulle glo dat Hy die Verlosser is en Hom prys vir al die ongelooflike dinge wat Hy gedoen het. As ons die verhaal lees van Maria wat Jesus se voete met die egte nardussalf salf en met haar hare afdroog, dan dink ons dat dit werklik ’n kosbare manier is om God te eer, om Hom te erken vir wat Hy kom doen het.

Dan is dit egter so kostelik dat dit eintlik nie die daad van Maria is wat hier uitstaan nie, maar die daad van die Heilige Gees! Jesus se woorde in vers 7 – “sy het dit bewaar vir my begrafnis” – dui daarop dat hierdie salwing simbolies sy opstanding verkondig. Die salwing met hierdie nardussalf was gebruik om die hoop van ’n opstanding te simboliseer. Daarom was die salwing van Christus nie in daardie tyd oorbodig nie, want Hy was gesalf asof Hy in die graf gelê moes word.

Die dissipels was nog nie bewus daarvan nie, en Maria het ongetwyfeld skielik onder die leiding van die Gees van God hierdie aksie uitgevoer. Christus het dit toegelaat om die hoop van sy opstanding wat die mense en die dissipels afgekeur het, te bevestig. Deur hierdie handeling en ook met sy intog word Jesus nie net verheerlik nie, maar bevestig Hy die waarheid van sy doel aan al die gelowiges sonder dat hulle dit eens agterkom.

*Sing: Psalm 106-1:1, 2*

*Ds. EJ Vogt (Ernest) (Vaalwater)*